

Orion Minerals

# SIYATHEMBA & VANWYKSVLEI MYNuusblad



## Orion oortref plaaslike gemeenskap indiensnemings doelwitte

**Prieska Koper Sink Myn (PCZM) is trots daarop dat 56% plaaslike gemeenskap verteenwoordiging op die huidige indiensnemings vlak behaal is.**

Teen die einde van November was ‘n totaal van 93 gemeenskap lede by PCZM in diens geneem uit ‘n totaal van 166 werknemers. Plaaslike werknemers kom uit die gemeenskappe van Prieska, Marydale, Vanwyksvlei en Niekerkshoop, en vervul verskeie rolle by die myn.

Oor die drie maande tot einde Oktober was 17% van die myn se goedere, dienste en subkontrakteur geleenthede aan plaaslike verskaffers toegeken wat of in die gasheer gemeenskappe gebaseer is, wat gasheer gemeenskap lede in diens neem, of waar die kontrakteur in die Noord Kaap gevestig is (teenoor 13% in die vorige kwartaal). Van hierdie kontrakte is 66% toegeken aan besighede wat óf in die gasheer gemeenskappe van Siyathemba en Vanwyksvlei gevestig is, óf hulle arbeiders uit hierdie gemeenskappe in diens neem, en 34% aan besighede wat in die res van die Noord-Kaap geleë is. Daar is volgehoue pogings om bevoegde en bekwame plaaslike ondernemings te identifiseer om gasheer gemeenskap besteding verder te verhoog.

Tydens die Bosberaad wat tussen 6 en 7 Oktober 2021 gehou is, is aspirasie doelwitte gestel vir gasheer gemeenskap indiensneming en verkryging by PCZM, insluitend:

- **50% van werknemers uit die gasheer gemeenskappe**
- **30% van goedere en dienste vanuit die gasheer gemeenskappe**
- **40% van die subkontraktering geleenthede vir besighede in die gasheer gemeenskappe**

Orion bly toegewyd om hierdie aspirasie-teikens te bereik en beoog om hierdie model by sy Okiep-koper projek in die Nama-Khoi munisipale gebied te herhaal.

# Orion Minerals vier skietwerk mylpaal by PCZM

**Orion het ‘n belangrike mylpaal in die bevordering van PCZM gevier met die eerste skietwerk wat in Oktober by die myn plaasgevind het.**

Die maatskappy wens die mynbestuurder en die span van P2 geluk met die eerste volledige ondergrondse ontwikkelings rondte wat by PCZM geskiet is.

**“Dit is die eerste ontwikkeling by PCZM in 36 jaar ... die begin van ‘n nuwe era,” het Orion Minerals se Uitvoerende Hoof en Besturende Direkteur Errol Smart gesê.**







# Bou saam ‘n gesonde gemeenskap: staan op teen alkohol misbruik

**Alkohol misbruik raak nie net die individue nie, maar het rimpel-effekte op families, vriende en die gemeenskap.**



Terwyl ons daarna streef om ons gemeenskap te bemagtig en doelwitte vir gemeenskap deelname te handhaaf, bied ons voortdurend opleiding en werksgeleenthede aan plaaslike gemeenskapslede. Ons het egter ‘n nul-toleransie beleid vir alkohol- en dwelm misbruik. Dit beteken dat niemand ons perseel kan betree, by ons kan werk of aan enige opleidings programme kan deelneem as hulle enige alkohol gedrink of enige onwettige dwelms gebruik het nie. Gereelde toetse word deur Orion uitgevoer om hierdie beleid af te dwing.

Alkohol- en dwelm misbruik binne die gemeenskap staan nog steeds in die pad van die gemeenskap se welstand en dit verminder die kanse dat gemeenskap lede kan deelneem aan die werk- en opleidings geleenthede wat Orion bied.

Ons moedig gemeenskap leiers aan om hierdie boodskap te versterk omdat dit nie net individue bemagtig nie, maar ook eenheid en gedeelde verantwoordelikheid bevorder. Saam kan ons ’n ondersteunende omgewing skep wat die potensiaal van ons jeug koester en ’n veiligheidsnet bied vir die kwesbares.

# Hoekom is ‘n nul alkohol en dwelm beleid belangrik?

**Dit is noodsaaklik om diegene wat dwelms en alkohol gebruik het te verbied om te werk of aan opleiding deel te neem om sodoende ‘n veilige en produktiewe werksplek te handhaaf.**



Mynbou bedrywighede behels swaar masjinerie, ‘n gevaarlike omgewing en komplekse prosesse. Verswakte oordeel weens die inname van alkohol en dwelms kan jou en jou kollegas se lewens in gevaar stel. Wanneer hulle op ‘n myn gebied werk, moet alle werknemers ‘n hoë vlak van fokus hê en vinnige besluite moet geneem kan word.
Die gebruik van alkohol en dwelms verminder jou vermoë aansienlik om dit te kan doen.

As ‘n myn, volg ons ook streng wetlike en regulatoriese riglyne wat werknemers nie toelaat om alkohol en dwelms te gebruik nie.

Enige gemeenskap lid wat vir Orion werk of aan enige van ons inisiatiewe en opleidings programme deelneem, mag nie onwettige dwelms gebruik of onder die invloed van alkohol wees wanneer hulle vir diens of opleiding aanmeld nie. As hierdie advies nie gevolg word nie, kan hulle die geleentheid verloor om deel te neem aan die ontwikkeling van die myn en die ekonomiese herlewing van die streek.

Ons moedig enigiemand wat sukkel, of wat ‘n familielid of vriend het wat sukkel met alkohol- en dwelm misbruik aan om hulp en ondersteuning te soek. Kom ons staan op teen alkohol misbruik en skep ‘n gemeenskap waar ons almal kan floreer.

# Belangrike hulplyne



**Slagoffers van geslag gebaseerde geweld (GBV)** – 0800 428 428 of 0800 GBV (tolvry)

**Selfmoord krisis-hulplyn** – 0800 567 567

**Departement van Maatskaplike Ontwikkeling Dwelm Misbruik Hulplyn** – 0800 12 13 14 of SMS 32312

**Pharma Dynamics Polisie en Trauma Hulplyn** – 0800 20 50 26 (tolvry)

**Ke Moja Dwelm Misbruik** – 087 163 2025

**NPO Geestes Gesondheid en Psigososiale Ondersteunings Hulplyn** – (0800 515 515)

# Tweede groep leerlinge voltooi hul mynopleiding

**Hierdie tweede groep leerlinge, bestaande uit 16 werknemers en gemeenskapslede, het op 24 November die Bevoegdheid B-opleiding by die Murray & Roberts-opleidingsentrum in Carletonville voltooi. Die tweede groep leerlinge het uit 5 werknemers en 11 gemeenskapslede bestaan, insluitend 3 vroulike leerlinge.**

'n Plaaslike vervoer maatskappy het die nodige vervoer vir die leerlinge na en van die sentrum verskaf.

Die eerste groep leerlinge het die Bevoegdheid B-opleiding by die Murray & Roberts-opleidingsentrum op 22 September voltooi en het uit 18 gemeenskapslede bestaan.

Hierdie leerlinge, wat gekies is uit die gasheer gemeenskappe wat voorheen aan Orion se 'Inleiding tot Mynbou'-kursus en ons beroep evaluerings deelgeneem het, het in September 2023 met opleiding begin.

Nadat hulle hul bevoegdheid opleiding voltooi het, sal hierdie leerlinge in aanmerking kom vir oorweging tot indiensneming, opleiding en ontwikkeling onder die toesig van die PCZM-myn kontrakteur, P2 Mining.

Orion het 'n proef myn kontrak van ses maande aan P2 Mining, 'n filiaal van die Suid-Afrikaanse Newrak-myn groep in September 2023 toegeken om die proef-ondergrondse mynbou program by PCZM te onderneem. As deel van sy kontraktuele verpligtinge het P2 ingestem om lede van die plaaslike gemeenskap op te lei en vaardighede op te bou.

Saam met Orion het Murray & Roberts ook 10 gemeenskap lede leerlingskap geleenthede by die Opleidingsentrum gebied. Hierdie ses maande lange leerlingskap geleentheid het op 6 November begin en sluit drie vroue en sewe mans van uit die gemeenskappe in.



# Orion ondersteun Copperton loopbaan dag

**Orion het in September 'n Loopbaan dag bygewoon wat deur die Copperton Wind Plaas in Prieska aangebied is om leiding te gee aan beide matrikulante en gegradueerdes oor die opvoedkundige geleenthede en loopbane wat in die mynbedryf beskikbaar is.**

Die Loopbaan dag is gefasiliteer deur Kimberley TVET College, Garob Wind Farm, Acciona Energy, Mulilo Prieska Gemeenskap Trusts en verteenwoordigers van Orion Minerals.








# Moreson Laerskool Ekskursie borgskap

**Orion het bygedra tot die brandstof koste vir die Laerskool Moreson se jaarlikse akademiese uitstappie na Kaapstad. Hierdie uitstappie is ook moontlik gemaak deur bydraes van Mulilo Prieska Gemeenskap Trust, opbrengste van skolier fondsinsamelings en ouer skenkings.**

Die uitstappie het die graad 9-skoliere die geleentheid gebied om verskeie plekke te besoek, insluitend die Koeberg-kernkrag sentrale (Eskom), die Suid-Afrikaanse Vloot museum en die Kasteel van Goeie Hoop.











# Orion se uitvoerende hoof wens jou ‘n vreugdevolle vakansie seisoen toe

**Soos die jaar tot ‘n einde kom en ons besin oor ons vordering en prestasies, is ek trots op hoe ver Orion die afgelope jaar gekom het en is ek opgewonde oor wat in 2024 voorlê, soos ons voortgaan om te vorder na produksie.**



Gedurende die jaar het ons stelselmatig die blokkies nagegaan wat ons in staat gestel het om die ontwikkeling van ons twee sleutel-edelmetaal spilpunte in die Noord-Kaap te bevorder. Dit het die ontsluiting van die eerste twee onttrekkings van ons befondsing strategie vir die vroeë werke by PCZM ingesluit. Dit het ons toegelaat om te begin met voor-ontwikkeling myn werke, insluitend proef mynbou en myn ontwatering. In Maart het ons ‘n A$13 miljoen twee-tranche-aandeelplasing aangekondig, wat gelei het tot die bekendstelling van ‘n nuwe hoeksteen belegger, Clover Alloys. Ons het ook ondersteuning ontvang van bestaande langtermyn aandeelhouers, die Delphi Group en Tembo Capital Mining Fund II LP, wat albei aan die aandeel plasing deelgeneem het.

In September het ons die AAMEG Afrika-toekenning vir ons leierskap in omgewings-, maatskaplike en korporatiewe bestuur (ESG) gewen. Dit was die tweede keer dat ons deur AAMEG erken is vir ons ESG-pogings.

Onlangs het ons die proef mynbou kontrak by PCZM aan P2 Mining toegeken en die eerste skietwerk vir die ontwikkeling by PCZM is in November gevier.

Ek wil graag my hartlike dank uitspreek teenoor al ons werknemers, kontrakteurs, verskaffers en die gemeenskappe waarin ons werksaam is vir hul harde werk en ondersteuning.

In die komende jaar is ons toegewyd om met die ontwikkeling en ontwatering van PCZM voort te gaan, om ons sleutel projekte te bevorder en te aan hou werk om ons plaaslike indiensnemings- en verkrygings doelwitte te bereik.

Namens die span by Orion wil ons u en u geliefdes ‘n gelukkige en veilige feestyd toewens.

**Geseënde Kersfees en ‘n Voorspoedige Nuwe Jaar!**



**Errol Smart**
Managing Director and
Chief Executive Officer